Leipie Nuus

10 – 14 SEPTEMBER 2018

Nommer 25/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 10 September

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Wedstryde seuns oop A1 vs Constantiapark, seuns oop A2 vs Wierdapark, seuns oop B2 vs Swartkop, o/11 seuns A vs Hennopspark, o/11 seuns B1 vs Tygerpoort, o/11 seuns C1 vs Swartkop, o/11 seuns C3 Hennopspark, dogters oop C1 vs Bakenkop, o/11 dogters D2 vs Garsfontein
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel:	**Oefening openingsdans vanaf 16:00-16:45**
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 11 September

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstyde vs L/s Stephanus Roos o/13 (tuis), o/12 (weg)
Sagtebal:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 12 September

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Slagorkes:	Oefening vanaf 13:45-14:30 (musiekklas)
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel:	**Geen oefening - praatrolle**
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Krieket:	Wedstryd vs L/s Stephanus Roos o/9 (tuis)

Do 13 September

Krieket:	Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15 Wedstryde vs L/s Stephanus Roos o/10 (weg), o/11 (tuis)
Hokkie:	Oefening vanaf 14:00-15:00
Sagtebal:	Uitspeelwedstryde
Tennis:	Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Vr 14 September

Musiekblyspel:	Kleedrepetisie (kostuums gaan huistoe)

Sa 15 September

Hokkie:	Wedstryde o/12 vs Midstream Ridge (weg)

UIT DIE KANTOOR:
Musiekblyspel kaartjies steeds elke dag te koop in die kantoor vanaf **7:30-8:30 en weer vanaf 13:00-14:00 (Vrydae tot 13:30).** R100 per sitplek.
Geen huiswerk sal gegee word vanaf 17-28 September nie.
Slegs die hoofhek sal oop wees in die aand vir die afhaal van leerders na die musiekblyspel.
Op 26 September moet alle leerders asb by die skool wees.
Ons gaan dankie sê aan almal vir hul harde werk en optredes tydens die musiekblyspel.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Landloop: Dieneke Beukes- neem deel aan Distriksbyeenkoms.
Hokkie: o/13 wen vs Die Krans.
Krieket: o/12, o/13 wen vs L/s Skuilkrans.
Dans: Renske Roux- International Championships SA Finals Hip Hop 92% en SA klere.
Swem: Ruan Postma- Northern Tigers Swimming Age Group Gala – 2x 2de plekke, 4x 1ste plekke.
Stoei: Stiaan Grünenfelder- Noord Gauteng Stoei Kampioenskappe – Brons, SA Kampioenskappe.

BELANGRIKE DATUMS:
24 September: Vakansiedag - Erfenisdag
27 September: o/10 krieketwedstryd vs L/s Rooihuiskraal
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel

MUSIEKBLYSPEL:
Vir u gerief kan u wegneemetes @ R25 per ete bestel vir u kind/ers om tydens die Musiekblyspel te geniet voor hulle optree. So maak dit die gejaag vir u as ouers minder. Besoek gerus die skool se webwerf www.louisleipoldt.co.za en klik op Onthou Musiekblyspel waar u die etes kan bestel. Baie dankie, ons waardeer julle ondersteuning. Gr 4 Leipies (Suid-Kaap Toer fondsinsamelingsinisiatief)

TASSE - NA SKOOL:
GEEN tasse mag na skool by die hoofhek rondstaan nie. Daar beweeg baie ouers en besoekers deur die hek en dit skep 'n swak beeld van ons skool.
Tasse mag slegs teen die muur by die Mediasentrum wees. Tasse wat by die hoofhek rondstaan sal verwyder word.
Leerders mag ook nie op die muurtjie by die hoofingang sit nie. Slegs by die Mediasentrum se muurtjie of bankies.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Die vleuelklavier, 'n Carl Otto, word op 20 Maart 1974 aangekoop teen R2 621.00 plus R25.00 vir die kleedjie .

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

VERLORE GOEDERE:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb **alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word.** Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

PARKERING VOOR HEKKE:
Daar is steeds ouers wat voor die toegangshekke parkeer. Ons doen 'n dringende versoek om nie voor die toegangshekke te parkeer indien u leerders op-/aflaai nie. Personeel kan nie by hekke in of uit beweeg nie, en ander verkeer word ook ontwrig. Gebruik asb slegs die gemerkte parkerings.

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie. Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word).
By Gr R - 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem. In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____
(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER